

Hoofstuk van die dag: 2 Johannes

… ons moet mekaar liefhê. En liefde beteken dat ons volgens die gebooie van God lewe. Soos julle van die begin af gehoor het, is dit sy gebod dat julle in die liefde moet lewe. (vers 5-6)

2 Johannes is een van die kort briewe in die Nuwe Testament, selfs korter as Filemon en Judas.
Die brief is gerig aan “die uitverkore vrou en haar kinders.” Hoewel party verklaarders glo die uitverkore vrou was ’n persoon, is dit meer waarskynlik dat Johannes dié briefie aan ’n gemeente geskryf het.
As volwaardige brief wat voldoen aan die vereistes van die tipiese Griekse briefvorm, pas dié 245 woorde net mooi in op ’n standaardvel papirus. Kort en kragtig hoor ons dieselfde boodskap in 2 Johannes as byvoorbeeld in 1 Johannes: Die gelowiges moet in ooreenstemming met die waarheid lewe (vers 4). Dieselfde lewenswerklikhede spreek ons aan: verwerp sonde (vers 10-11), gehoorsaam die liefdesgebod (vers 5-6), oppas vir die verleiding deur misleiers met hul dwaalleer (vers 7) en volhard in geloofsgemeenskap en die waarheid (verse 4, 9). Die appèl is duidelik en kragtig: lééf wat jy glo en dóén wat jy bely!

Naskrif: Môre lees ons 3 Johannes.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026